SAKE 24 (Beeld Naweek)
08 Oct 2011, p.15

Nuwe annuïteit selfs op 75 moontlik

■ Ek het afgetree en is 75 jaar oud. Ek onttrek maandeliks 'n inkomste van 5% uit 'n lewende annuïteit.

Ek verstaan dat, volgens die nuwe wetgewing, ek nou ekstra kapitaal in die bestaande annuïteit mag belê. Dit sal beteken dat ek my maandelikse inkomste kan vergroot en ook kapitaalgroei kan kry, afhangende van markbewegings.

Kan dit gedoen word en hoe gaan ek te werk?

Mnr. Ronald King, lid van die finansiële beplanningskomitee van die vereniging van finansiële tussengangers van Suider-Afrika (FIA) en direkteur van finansiële beplanning en beleggings van PSG Konsult, antwoord:

Dit is ongelukkig nie moontlik om bykomende deposito's in 'n beleggingsgekoppelde lewende annuïteit te doen nie.

Wat wel moontlik is, selfs op die ouderdom van 75, is om 'n nuwe uittree-annuïteit uit te neem en selfs moontlike belastingvoordele daarop te verdien.

Ná 'n maand sou u uit die uittree-annuïteit kon tree en hierdie geld ook na 'n lewende annuïteit oorplaas.

U moet egter baie mooi kyk na u behoeftes en likiditeit aangesien u hiervolgens nie weer toegang tot die geld sal hê nie.

Voorts is daar sprake daarvan dat die minimum onttrekking uit die lewende annuïteit dalk verwyder gaan word sodat u nie verplig is om 'n maandelikse onttrekking te doen nie.

Sodoende sal die waarde van die lewende annuïteit ook groei terwyl u van die geld leef wat u wou deponeer.